Aros

# AKADEMIE REFORMATORIESE OPLEIDING EN STUDIES

## JAARBOEKINLIGTING 2027

### 1. Baccalaureus Artium Honneurs in Christelike Filosofie (SAKO-nr. 124834)

In hierdie honneursprogram kan studente hulself verdiep in die dissipline wat histories die moeder van alle dissiplines is (die eerste wetenskaplikes was die antieke Griekse filosowe). Die honneursprogram het dus ten doel om studente te neem van inleidende kennis van die filosofie tot ‘n omvattende, diepgaande en gespesialiseerde kennisbasis vanuit ‘n Christelike perspektief. So ‘n kennisbasis kan ‘n deurslaggewende rol speel in die dieper lae van ‘n wetenskaplike of ander professionele persoon se beoefening van sy/haar dissipline of beroep. Die program bevorder ’n kritiese benadering tot sistematiese temas, terwyl ander toepaslike filosofieë ook ondersoek word. Daarbenewens word studente begelei om insig te ontwikkel oor die wyse waarop ’n Christelike denkwyse ’n betekenisvolle bydrae tot die vorming en beïnvloeding van hedendaagse kultuur kan lewer.

#### TOELATINGSVEREISTES

Die minimum-toelatingsvereiste is ‘n baccalaureusgraad (NKR-vlak 7) of gevorderde diploma (NKR-vlak 7). In hierdie kwalifikasie moet ‘n grondslag van kennis (minstens 20 krediete) oor die filosofie teenwoordig wees.

Hierdie grondslag behoort modules oor minstens twee van die volgende temas te omvat:

- wêreldbeskouingsleer
- die probleem van geloof en rede
- sistematiese filosofie
- die geskiedenis van die filosofie
- die filosofie van ‘n spesifieke dissipline (byvoorbeeld opvoedingsfilosofie)

Voornemende studente wat nie die vereiste aantal krediete in filosofieverwante temas as basis het nie, sal een of twee sertifikate in Christelike wetenskap wat Aros aanbied, moet voltooi ten einde vir toelating te kwalifiseer.

#### Kwalifikasie-inligting

- Minimumvoorvereiste: Baccalaureusgraad
- NKR-vlak: 8
- Minimum tydperk: 2 jaar

#### Metode van aanbieding

- Die kurrikulum word deur middel van afstandsonderrig aangebied.  Die lesings word weekliks op e-Klas (Aros se amptelike aanlyn leerplatform) beskikbaar gestel.

- Addisionele ondersteuning word deur middel van interaktiewe aanlyn sessies gebied. Tydens hierdie sessies kan u vrae aan dosente stel en verdere toeligting ontvang.  Die sessies word opgeneem en word later op e-Klas vir besigtiging beskikbaar gestel.

- Dosente en assistente is beskikbaar vir konsultasies via e-pos, aanlyn of op kampus.

- Toetse en eksamens word aanlyn afgelê (Maandag tot Saterdag: tydens die dag of vroegaand). Datums en tye word vroegtydig gekommunikeer.

**Koste per jaar in 2027**

- Aansoekfooi: R250.00
- Registrasie: R3 500.00 (eerste deposito betaalbaar in Januarie 2027)
- Klasgeld: R49 670.00
- Handboekkoste (ongeveer): R7 500.00

**Beskikbare kurrikulums**

**O501P**

**Kwalifikasie met onderskeiding**

**Programuitkomste**

Ná die voltooiing van hierdie program is dit Aros se verwagting dat ‘n gegradueerde oor die volgende eienskappe en vaardighede sal beskik:

- toon en verwoord ‘n gekonsolideerde en grondige begrip van die geskiedenis en oorhoofse sistematiese temas, idees en konsepte in die filosofie en van Christelik-Reformatoriese filosofie in die besonder;
- analiseer, sintetiseer en evalueer kerntemas, -idees en -konsepte op ‘n filosofiese wyse, met fokus op die Christelik-Reformatoriese perspektief, hoewel ander filosofieë ook bestudeer sal word;
- toon ‘n hoëgraadse teoretiese betrokkenheid by kern- filosofiese idees wat die hedendaagse filosofie en kultuur beïnvloed en reflekteer oor hoe Christelike denke die diskoers positief kan beïnvloed; en
- berei studente voor op navorsingsgebaseerde nagraadse studie deur die ondersoek van ongewone probleme, kompleksiteite en onsekerhede aan te moedig en dra nuutverworwe kennis oor.

**Kurrikulums**

**O501P**

| | Module | Kr | NKR | Module | Kr | NKR | Module | Kr | NKR | Module | Kr | NKR |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Kwartaal 1** | | | **Kwartaal 2** | | | **Kwartaal 3** | | | **Kwartaal 4** | | |
| **Jaar 1** | | | | | | | | | | | | |
| Elektief | FILD611 | 18 | 8 | FILC621 | 18 | 8 | FILG621 | 18 | 8 | FILK611 | 18 | 8 |
| | | **18** | | | **18** | | | **18** | | | **18** | |
| **Jaar 2** | | | | | | | | | | | | |
| Elektief | FILO631 | 7 | 8 | FILO631 | 7 | 8 | FILO631 | 7 | 8 | FILO631 | 9 | 8 |
| | FILS611 | 18 | 8 | | | | | | | | | |
| | | **25** | | | **7** | | | **7** | | | **9** | |
| **Kurrikulumtotaal** | | **120** | | | | | | | | | | |

## Modules en voorvereistes

| Kode | Module | NKR | Kr | Vereiste 40% | Geslaag | Registreer of geslaag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| FILC621 | Geskiedenis van Christelike Filosofie | 8 | 18 | | | |
| FILD611 | Denkvaardighede | 8 | 18 | | | |
| FILG621 | Geskiedenis van die Filosofie | 8 | 18 | | | |
| FILK611 | Rigtinggewende Motiewe | 8 | 18 | | | |
| FILO631 | Navorsingsprojek | 8 | 30 | | | |
| FILS611 | Sistematiese Filosofie | 8 | 18 | | | |

## Module-uitkomste

**FILC621** **Krediete: 18** **NKR-vlak: 8**

**Geskiedenis van Christelike Filosofie**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- ‘n omvattende kennis en begrip van denkers en strominge in die geskiedenis van Christelike filosofie kan toon, d.w.s. denkers en strominge wat in hul filosofieë die Christelike wêreldbeskouing ernstig opgeneem het;
- met die geskiedenis van die Christelike denke kan omgaan (d.w.s. ontleding, evaluering en sintese);
- denkwyses, idees, temas, begrippe, beginsels en teorieë in die Christelike denke kreatief op ons wêreld kan toepas; en
- ‘n ontleding van primêre tekste deur Christelike denkers kan aanbied, die tekste binne hul historiese konteks kan plaas en die invloed van hierdie tekste op latere filosofiese idees kan aandui.

**FILD611** **Krediete: 18** **NKR-vlak: 8**

**Denkvaardighede**

Ná voltooiing van hierdie module sal studente

- ‘n omvattende kennis en begrip van die aard en funksionering van beginselvaste denke en informele logika kan toon, insluitend verskillende vorme van kritiek wat in die Reformatoriese filosofie gebruik word (bv. immanente, transendente, transendentale en eksheretiese kritiek);
- met beginselvaste denke en informele logika kan omgaan deur bekende en nuwe argumente te ontleed, in die vorm van ’n diagram op te stel en te evalueer;
- beginselvaste denke en informele logika op bekende en nuwe voorbeelde van probleme en vraagstukke kan toepas wat relevant tot die Suid-Afrikaanse konteks is; en
- inligting oor beginselvaste denke en informele logika effektief aan ‘n verskeidenheid gehore kan kommunikeer.

**FILG621** **Krediete: 18** **NKR-vlak: 8**

**Geskiedenis van die Filosofie**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- ‘n omvattende kennis en begrip van die geskiedenis van die filosofie kan toon, insluitend die ontwikkeling daarvan, periodes of strominge, en belangrike figure;
- oplossings kan identifiseer en beoordeel wat deur geselekteerde figure vir tipiese filosofiese probleme voorgestel is;
- met kennis van die geskiedenis van die filosofie kan omgaan (d.w.s. ontleding, evaluasie en sintese) en ‘n begrip van metodologiese oorwegings in die historiografie van die filosofie kan toon;
- kennis en begrip van die geskiedenis van die filosofie kan toepas om konteks aan kernvrae, -teorieë, -begrippe en -terme in die filosofie te verskaf; en
- rekenskap van nuwe kennis en begrip kan gee.

**FILK611** **Krediete: 18** **NKR-vlak: 8**

**Rigtinggewende Motiewe**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- oor ‘n omvattende kennis en begrip beskik van rigtinggewende motiewe (bv. groot narratiewe, sosiaal verbeelde wêrelde, religieuse grondmotiewe, teoretiese “ismes” en ideologieë) met betrekking tot pertinente hedendaagse kwessies (bv. identiteit, sosio-ekonomiese klas, diversiteit, inklusiwiteit, kolonialisme, ens.);

- filosofies kan handel (d.w.s. deur analise, interpretasie en sintese) met komplekse en abstrakte probleme en bronne aangaande rigtings wat huidige kwessies betreffende menslike kultuur beïnvloed;

- ‘n evaluasie (‘n kritiese beskouing en waardering) kan uitvoer oor standpunte aangaande rigtings wat hedendaagse kwessies betreffende menslike kultuur beïnvloed, insluitend ‘n evaluasie vanuit ‘n Christelike perspektief (die kernfokus), evaluasies vanuit ander perspektiewe, sowel as ‘n persoonlike evaluasie; en

- ‘n weergawe kan gee van nuwe kennis en begrip aangaande rigtings en huidige kwessies betreffende menslike kultuur deur middel van bewysgebaseerde verslae.

**FILO631** **Krediete: 30** **NKR-vlak: 8**

## Navorsingsprojek

Ná die voltooiing van hierdie module moet studente

- die vermoë kan toon om in gesprek te tree met ‘n toonaangewende boek, denker, teorie of probleem vanuit ‘n Reformatories-Christelike perspektief;
- met studiemateriaal kan omgaan deur toepaslike navorsingsmetodes (d.w.s. ontleding, sintese en evaluasie) op ‘n klassieke boek, denker, teorie of probleem toe te pas;
- hul eie leer en etiese gedrag in die akademiese omgewing kan bestuur deur samelewings- en kultuuraspekte met sensitiwiteit te benader;
- Reformatories-Christelike denke kan toepas deur alternatiewe strategieë te ontwikkel met betrekking tot die sekulêre hoofstroom ten einde probleme te hanteer wat die wêreld ervaar; en
- rekenskap kan gee van nuwe insigte en begrip in verslae en/of aanbiedings wat op bewyse gegrond is.

**FILS611** **Krediete: 18** **NKR-vlak: 8**

## Sistematiese Filosofie

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- ‘n omvattende kennis en begrip kan toon van die sistematiese filosofie van twee of drie van die belangrike figure in die Reformatories-Christelike filosofie en van sistematiese temas, wat onder andere die volgende kan insluit: grondvrae van die filosofie, die basiese dimensies van die kosmos, asook wette en entiteite wat deel van ons wêreld is;
- kennis van sistematiese vraagstukke in die Reformatories-Christelike filosofie krities kan ondersoek (d.w.s. ontleding, evaluasie en sintese);
- gevestigde idees, teorieë en konsepte in die sistematiese Reformatories-Christelike filosofie op gebeure, sosiale instellings en ander verskynsels in ons wêreld kan toepas; en
- rekenskap van nuwe kennis en insig in die sistematiese Reformatories-Christelike filosofie in bewysgebaseerde verslae en/of aanbiedings kan gee.